


Veiligheidskleppe: Ventilasië gaatjie oop of toe?

Mei 2013


Die foto links is van 'n konvensionele veergelaaide druk veiligheidsklep. Soms is daar 'n gaatjie in die boonste deel soos in die diagram onder links. As daar 'n gat is, is dit normaalweg toegemaak met 'n prop as die klep in gebruik is.

Die foto en diagram regs wys 'n ander tipe veiligheidsklep – 'n gebalanseerde druk bellows tipe veiligheidsklep. Die klep het bellows wat die bokant van die klep waar die veer is afsluit van die proses aan die uitlaatkant van die klep. Dit voorkom dat teendruk van die uitlaatkant die veer help om die klep toe te hou. Dit kan egter slegs werk as die bokant van die klep oop is na atmosfeer en kan ventileer deur die gat wat daarvoor voorsiening maak. Die bellows beskerm ook die veer teen korrisie. Dis baie moeilik om van buite te sien watter tipe klep dit is.

Die gebalanseerde druk bellows tipe veiligheidsklep word gebruik as die uitlaat van die klep in 'n pypstelsel ingaan eerder as om direk na atmosfeer af te blaas. Die druk aan die veer se kant is afgesluit van die uitlaatdruk en is atmosferies as dit behoorlik geventileer is. Om te werk soos dit ontwerp is moet die gaatjie na atmosfeer oop wees. Ten spyte van die waarskuwing het die veiligheidsklep in die foto regs bo 'n prop in die gaatjie (rooi pyl), en kan daarom nie reg werk nie.



KONvensioneel



GEBALANSEERDE BELLOWS TIEPE

Wat kan jy doen?

- ➔ Jy moet weet watter tipe veiligheidskleppe is in julle aanleg, en jy moet weet hoe om te verseker dat hulle reg werk.
- ➔ Vind uit of daar gebalanseerde druk bellows tipe veiligheidskleppe in julle aanleg is. Indien wel, maak seker hulle is behoorlik gemerk met 'n waarskuwing dat die gaatjie aan die veer se kant altyd oop moet wees. Die waarskuwing is die enigste manier wees om te weet watter tipe klep dit is, en moet daarom duidelik en sigbaar wees.
- ➔ As jy 'n gebalanseerde druk bellows tipe veiligheidsklep het waarvan die ventilasië gaatjie toe is, rapporteer dit dadelik sodat dit reggestel kan word.

Verstaan hoe jou veiligheidskleppe werk!